


*[Dit was nou 'n lekker lang breuk met eksamens en vakansie saam. Gee by die selbyeenkoms genoeg tyd om weer op te vang met wat in elkeen se lewe gebeur en hoe dit met hulle gaan. Hoor ook wat lê vir elkeen voor vir die semester: Hoe lyk hul rooster en persoonlike programme, wat is hul doelwitte vir die semesters, waarvoor is hulle opgewonde en waaroor bekommer hulle of voel dalk angstig of onseker.*
*Vir vandag se gesprek kan jy ook meer spontaan wees en informeel saam gesels oor die tema en hoe dit vir elkeen in hul eie lewe is.]*

Ons het Sondag gesels oor hoe die Here vir ons alles gee wat ons nodig het om in verhouding met Hom te staan en om te volhard in ons geloof.

- Hy gee die manier om in verhouding te staan: Verlossing en vryspraak deur Jesus
- Hy gee gawes, krag, wysheid - deur die Heilige Gees
- Hy gee die Woord wat ons lei
- Hy gee die model wat sê ek moet in *community* wees - dis nodig vir my eie oorlewing
- **Hy gee ook worship - musiek**

> "The singing of hymns is one of the best ways to learn the doctrine of the restored gospel." — Dallin H. Oaks

Paulus is vir ons ’n mooi voorbeeld van iemand wat ongeag omstandighede nie hoop of sy vreugde verloor het nie.

Hy sê in **Filippense 4:11-13**
*“11Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp. 12Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervinding: om genoeg te hê om te eet sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.”*

- Deel met mekaar hoe jy in verskillende omstandighede jou geloof uitleef of wat jy doen om seker te maak omstandighede steel nie jou hoop of vreugde nie?

Wanneer ons kyk na Paulus se lewe sien ons wat hy gedoen het om die tipe geloof te bou wat hom instaat stel om te sê wat hy sê in Filippense 4.

Een van die belangrike eienskappe van ’n gelowige sien ons in die verhaal wat afspeel in Handelinge.
○ **Lees Handelinge 16:16-40**
[Jy kan dalk tyd en geleentheid gee om die teks en wat vir mense opvallend is te bespreek - al is dit nie deel van die MyTunes tema nie]

Vers 25 sien ons iets belangrik in Paulus se reaksie op sy omstandighede. In plaas daarvan om bitter of moedeloos te wees kies Paulus en Silas om te reageer met lof.
- Hoekom is aanbidding (worship) so ’n kragtige geloofsdissipline?
- Hoe lyk jou aanbiddingsgewoontes?

“The singing of hymns is one of the best ways to put ourselves in tune with the Spirit of the Lord.” —Dallin H. Oaks

Ons weet vanuit navorsing dat musiek ’n groot impak het op ons emosies en denke.

- Deel met mekaar waar jy die kragtige impak van musiek al ervaar het?

Daar is baie voorbeelde in die Bybel waar ons aangemoedig word om aanbidding deel te maak van ons leefstyl. Ons het ’n hele boek in die Bybel met 150 psalms wat sentraal was in die jode se geloofslewe.

- Watse psalm beteken vir jou persoonlik baie?

Selfs Jesus het aanbidding deel gemaak van Sy aardse lewe.
En as ons in Openbaring ’n beeld kry van wat in die hemel gebeur sien ons aanbidding is vir God belangrik. Ons sal dalk selfs kan sê God is ’n musiekliefhebber. Dalk is deel van ons wat in Sy beeld geskep is ook hoekom musiek so groot invloed op ons kan hê.

God het vir ons musiek gegee om:

- Vas te staan in geloof
- Te volhard in moeilike omstandighede
- Woorde te hê wanneer ons nie weet wat om te sê nie, en
- ’n Manier om ons emosies te verwerk en ervaar wanneer ons self nie verstaan wat ons voel nie

Daarom sien ons ook in die Nuwe Testament dat jong gemeentes en christene aangemoedig word om God deur lofprysing te aanbid.
Kyk na die volgende tekste:

- **Efesiërs 5:18-19**

*18Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul, 19en sing onder mekaar psalms,*

*lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here.*

○ **Kolossense 3:16**
*Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.*

○ **Filippense 4:6-7**
*6Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. 7En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.*

○ **Jakobus 5:13**
*13As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing.*

[Bespreek die tekste en wat uitstaan vir elkeen]

> ``Music is one of the fairest and most glorious gifts of God, to which Satan is a bitter enemy; for it removes from the heart the weight of sorrow, and the fascination of evil thoughts.''
>
> M.L King

- Hoe dra gospel musiek jou?

Die liedjie PRAISE sê dit mooi:

*I'll praise in the valley*

*Praise on the mountain (yeah)*

*I'll praise when I'm sure*

*And praise when I'm doubting (yes, sir)*

*I'll praise when outnumbered*

*Praise when surrounded*

*'Cause praise is the water*

*My enemies drown in*

As God musiek gee as 'n kragtige manier om Hom te ervaar, bemoedig te word en vas te staan in ons geloof - dan wil die vyand dit verseker ook gebruik. Hy weer hoe God ons geskep het en daarom is daar ook baie musiek wat nie goed is vir ons psige nie.

- Watse musiek het tans 'n negatiewe impak op jou gedagtes en emosies?
- Is daar dalk liedjies waarna jy nie meer moet luister nie?

MyTunes:

- Wat is in jou playlist vir die semester wat kom?
- Hoe gaan jy begin om jou aanbiddingsgewoontes met jou alledaagse lewe te integreer?

*Hoe gaan jy onbekende toekoms in?*
*Hoe staan jy sterk in versoeking?*
*Hoe verloor jy nie jou geloof en moed in teleurstelling en verlies nie?*
*Hoe maak jy seker jy leef 'n lewe wat God eer?*
*Hoe gee uitdrukking aan vreugde en dank wanneer mooi goed gebeur?*
*Hoe leef lewe soos iemand wat is wie God sê hulle is?*

**NOOT-VIR-NOOT**

**GEBED:**

Gee geleentheid vir die groep om hul gebedsversoeke te deel.

Bid saam vir die onbekendheid wat voorlê.